

Saterdag 28 Junie

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12**

**Christus roep en rus toe**

God se genade maak van jou 'n leier. Paulus praat met Timoteus, 'n jong man wat nou leiding moet gee. Twyfel kan baie maklik van 'n mens besit neem: Is ek reg vir hierdie roeping? Is ek nie te jonk nie? Sal ek getrou bly?

Paulus gebruik homself as voorbeeld van God se genade. Jou roeping is nie afhanklik van hoe goed jy is en wat jy alles op jou CV kan skryf nie, maar waartoe God jou roep en deur sy genade in staat stel om hierdie roeping uit te voer. As Paulus aan sy verlede dink, is dit nie 'n goeie getuigskrif nie. Hy het Jesus regstreeks in sy hoogheid aangetas, Hom belaster en beledig. Hy noem homself die grootste sondaar (vs 16). Daarom sy diep dankbaarheid teenoor Jesus Christus wat hom nou roep om leier onder Christene te wees. Alles op grond daarvan dat Jesus Christus in die wêreld gekom het om sondaars te verlos.

God gebruik verlose sondaars. Wanneer God in sy lewe inkom en hy besef Wie hierdie Jesus Christus is wat hy vervolg en wie hy vir Jesus is, dan is daar die gewilligheid om te dien: Here, wat wil U hê moet ek doen? En wanneer daar gewilligheid is, oorlaai God met krag (vs 12), geloof (vs 14) en liefde (vs 14) en alles wat jy nodig het om God in jou leierskap te verheerlik (vs 17).

Wees dankbaar teenoor Jesus Christus wat jou geroep het en in sy genade daaglik toerus met krag, geloof en liefde vir hierdie roeping. Onthou, sy eer is op die spel.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2,3  
Dr TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)*